STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

2 JUNIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS**
Ekumeniese diens

**GESINSDIENS**
Die uniekheid van elkeen
Joh. 4:1-27

**JEUGDIENS**
Worthy Spaces

**PINKSTER**
Die spiritualiteit van eenvoud.
Lukas 12:22-34

**DEUROFFER**
Stellenberg-medewerkers. Ons ondersteun verskeie sendelinge in verskillende gebiede. Besoek gerus ons webwerf by www.stellenberg/bedienings/sending vir volledige besonderhede oor ons sendelinge.

## EREDIENSTE

| | | | **2 Junie** Nagmaal | | **9 Junie** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Duvenhage/ Pastoor Thamaga | 3/4 | *Ds. Potgieter | 3/7 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Breytenbach | 8/9 | Geen diens | - |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Grootsaal | Jeugdiens | Jeugpinkster | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kerk/Kapel | Pinkster/Aand | Ds. Potgieter | 2 | Ds. Breytenbach | 11 |

## HARTLIK WELKOM / A WARM WELCOME

Hartlik welkom aan gaste van ander kerke en gemeentes wat vanoggend by ons erediens aansluit.

*We would like to extend a warm welcome to all our guests from other churches and denominations attending our service this morning.*

## PINKSTERPROGRAM 2 TOT 9 JUNIE

**2 tot 6 Junie: Aandpinkster om 19:00 (kerk)** Ds. Potgieter
Sop en brood sal saans na die Aandpinkster in die kafeteria bedien word.

**2 tot 6 Junie: Kinderpinkster (kleinsaal) en Kleuterpinkster (kleuterkerklokaal in grootsaal) om 19:00**

**3 tot 7 Junie: Oggendpinkster om 10:00 (kerk)** Mike van Deventer

*** 9 Junie: Gesamentlike Pinsterfeesdiens om 09:00 in die kerk**
Daar sal geen gesins- en meditatiewe dienste wees op 9 Junie nie. Alle eredienste sluit by die Pinksterfees in die kerk aan.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00: Kwartaaltema: *SPACES – New space, new life.*
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, vanaf 19:00.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- *MATRIC MOVEMENT:* Alle matrieks word uitgenooi om by die *Matric Movement* Sondagaande om 19:00 in die kafeteria aan te sluit. Bring jou vriende. Dis slegs vir matrieks.
- UITREIKE 2019: Inskrywings het gesluit.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

## UITREIKE 2019

Ons eerste uitreik vertrek op 15 Junie na Leeu-Gamka en keer terug op 21 Junie. Op 22 Junie vertrek die Transkei-span, asook die Beaufort-Wes-span. Die laaste uitreik vertrek op 29 Junie na Calitzdorp en die span keer op 5 Julie terug. Doen asb. voorbidding vir die 96 jongmense wat aan ons uitreike deelneem. Bid asb. dat uitreikers veilig sal reis en goeie gesondheid en energievlakke sal behou vir die uitdagende taak wat vir hulle voorlê.

## KERKRAAD BEROEPINGSVERGADERING

Prop. Philipp Dietmann is tydens die kerkraadsvergadering van 29 Mei 2019 as tentmakerpredikant vir Stellenberg beroep. Hy het tans 'n kontrakpos by die gemeente en is vir die meditatiewe dienste verantwoordelik. Die tentmakerpos sal hom die status van predikant gee en met die nuwe diensooreenkoms sal sy verantwoordelikheid hoofsaaklik dieselfde bly.

Die beroep word nou vir twee weke amptelik bekend gemaak waarna 'n beroepsbrief en diensooreenkoms aan hom oorhandig sal word en hy DV op 14 Julie tydens die oggenddiens bevestig sal word.

### KATEGESE KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 en 3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 en 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Kerk

Graad 9: Bovertrek

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

### PLANTETAFEL SONDAG 9 JUNIE

Ondersteun asb. die Kweek vir die Here-span se planteverkoping op Sondag 9 Junie om 10:00. Neem 'n plantjie in ruil vir 'n donasie. Alle bydraes is ten bate van die jeug-uitreike die komende wintervakansie.

### VATVYF

Daar is geen uitstappie die komende week nie a.g.v. Pinksterdienste.

## GEMEENTEBRAAI 7 JUNIE

Vrydagaand 7 Junie braai ons weer saam en alle lidmate word uitgenooi om te kom saamkuier. Bring jou eie vleis, slaai en drinkgoed asook borde, eetgerei en glase. Ons voorsien die kole en 'n lekker vriendelike en gemaklike atmosfeer. Sien jou 19:00.

## KOLLEKTES TYDENS PINKSTER

Kollektes word aangewend vir getuienisprojekte soos die uitreikbediening, bakkeryprojek in Vosburg, tuinbouprojek in Mavusa en kosprojekte plaaslik en in droogtegeteisterde gebiede.

## STELLENBERG EN FÜRSTENFELDBRUCK

Na die suksesvolle besoek in Maart van 'n groep jongmense van Stellenberg aan München, Duitsland, wil ons graag in gesprek tree met die gemeente oor die verdere ontwikkeling van hierdie vennootskap. Die tema van die besoek was onderwys en armoede. As Christene kan ons by mekaar leer en saamwerk om 'n verskil in die wêreld te maak. Kom gesels saam op Woensdagaand 12 Junie om 19:00 in die markplein oor die opwindende moontlikhede vir 2020.

## VROUE-WEGBREEK

Teken die datum vir ons vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Khwa Ttu, naby Yzerfontein, in jou dagboek aan. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za. Volledige inligting sal volg.

## RETRAITE VIR MANNE 30 AUG - 1 SEPT

**Wortelgat 30 Aug. tot 1 Sept.:** Die datum vir die retraite is verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag bots. Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

## MET LEEDWESE

Ons vra asseblief u voorbidding vir Maria Vietze, La Rochelle 25 en haar dogters, Ingebordt en Reinette met die heengaan van Reinhardt Vietze, eggenoot en vader. Sy herdenkingsdiens was op 1 Junie.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

6 Junie

Geen Edelweiss Bybelstudie op 6 Junie a.g.v. Pinkster.

Donderdag 13 Junie

om 15:00 en 15:45

1 Petrus 2:11–25

Beeld die voorbeeld van Jesus uit in julle lewe!

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie. Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

### BREIGROEP

Ons ontmoet op Maandag 3 Junie om 08:30 (voor die Pinksteroggenddiens) in die markplein. Lede moet asseblief alle klaar gebreide items vir die uitreike, soos serpe en musse, saambring.

## FINANSIËLE BYDRAES

Die gemeente se werksaamhede is afhanklik van finansiële bydraes deur lidmate en ons vertrou dat alle lidmate bereid is om ook op 'n finansiële wyse by te dra tot Stellenberg-gemeente se visie en bedienings.

Jy kan jou bydrae maandeliks op die volgende wyse gee:

- **Debietorder:** Vra die vorm by die kerkkantoor aan, of stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za, of laai dit van www.stellenberg.co.za af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderings-kode om die betaling te maak.
- **Bankkollekte:** Gee jou bydrae tydens eredienste met die opneem van kollekte.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, stuur asb. 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za sodat jou e-posadres op die verspreidingslys geplaas kan word.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeids-terapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.